# Planne vir H.F. se beeld onthul

## Ag man, dis so ordinêr! sê professor

**Deur JOHAN STRYDOM: Pretoria**

TERWYL al hoe meer stemme opgaan téén 'n standbeeld van dr. H.F. Verwoerd in Pretoria se middestad, het die planne van twee van die drie beeldhouers wat skaalmodelle geskep het, ondanks geheimhouding aan die lig gekom.

Die derde, Danie de Jager, reus onder die volksbeeldhouers, het sý skaalmodel vernietig en wil niks meer van die projek weet nie.

Die modelle is in opdrag geskep vir die omstrede Verwoerdplein wat in die hart van Pretoria tot stand moet kom.

Die ander twee beeldhouers is Phil Minnaar van Wingatepark in Pretoria en Jo Roos van De Wildt, tussen Pretoria en Brits.

"Ons het meer as drie jaar gelede opdrag gekry vir die voorleggings. Ek het geweet daar is twee ander kunstenaars in die prentjie, maar ek was geesdriftig en positief. Nou het ek afgekoel," sê mnr. Minnaar.

Sy skaalmodel is van 'n standbeeld van dr. Verwoerd, eerste premier van die Republiek van Suid-Afrika, wat twee keer groter as lewensgroot moet wees. Die beeld hoort op 'n voetstuk van omtrent twee meter hoog.

In dié stadium voel hy dat 'n standbeeld alleen beter sal wees in die beskikbare ruimte, of selfs net 'n gedenknaald, soos kenners al voorgestel het.

Mnr. Roos het twee voorleggings. Die een is 'n vermenging van die abstrakte en realisme: binne-in 'n abstrakte raamwerk is 'n kop van die staatsman – agt keer groter as lewensgroot . . . so groot soos die een van adv. Hans Strijdom op Strijdomplein by die Staatsteater. By die ander voorlegging is daar ook 'n beeld van dr. Verwoerd: twee keer groter as lewensgroot en realisties, soos mnr. Minnaar se standbeeld.

Mnr. Roos sê hy het tevore al lank gewag vir 'n opdrag nadat gevra is dat hy 'n skaalmodel moet skep. Hy is steeds vol moed oor die Verwoerdverering.

Mnr. De Jager, van Hartbeespoort, vra mense moet oor sy model liefs niks sê nie.

"Ek is klaar met volksmonumente. Sô het ek ook laat weet vir die mense wat dr. Verwoerd wil vereer. Ek maak nou net diere."

Die ontwikkeling van die straatblok waarvoor die standbeeld bedoel is, het stadsraadslede vandeesweek weer warm gehad. Daar is op die maandvergadering besluit om die projek af te skaal omdat geld skaars is. Die Stedelike Plekname-komitee is ook gevra om weer na die naam Verwoerdplein te kyk nadat die raad verskeie vertoë ontvang het.

Ná 'n debat van langer as twee uur het die raad besluit om voort te gaan met die projek, te midde van KP-besware teen die afskaling daarvan.

Die voorsitter van die Verwoerd-monumentkomitee, mnr. Willem Cruywagen, voormalige Administrateur, sê die komitee wag vir helderheid oor die hele ontwikkeling voordat werk vir die verering van dr. Verwoerd op die een hoek in rat kom.

Hy sê hoewel hulle die openbare kritiek oor die planne in die media sien, het min van die kritiek by die komitee uitgekom.

Hy sê die opdrag vir skaalmodelle was om riglyne te kry. In dié opsig was die koste-aspek belangrik. Daar is in gesprekke met die kunstenaars gesê sô 'n opdrag sal in die omgewing van R1 miljoen werd wees.

Die Verwoerd-trust het omtrent R300 000 beskikbaar. Die res van die geld sal skenkings van die volk wees, sê mnr. Cruywagen.

Die straatblok is langs Kerkstraat, met Vermeulenstraat aan sy noordekant, Prinsloostraat oos en Van der Waltstraat wes. Aan die oorkant van Kerkstraat is Strijdomplein.

● Prof. Murray Schoonraad, hoof van kultuurbevordering aan die Universiteit van Pretoria en 'n beeldhoukundige, het mnr. Minnaar se skaalmodel gister as "vreeslik outyds" en "vreeslik dramaties" bestempel.

Prof. Nico Roos, hoof van die universiteit se kunsdepartement, se reaksie was: "Ag man . . . hy's een van duisende. Dis so ordinêr."

Prof. Schoonraad sê hy voel net Paul Kruger se standbeeld moet in die middestad bly. Alle ander monumente en beelde – ook die Strijdom-monument – moet verskuif word, dalk na die tuin by die Uniegebou.

In 'n nuwe Suid-Afrika sal die Uniegebou stellig nie meer die setel van die Regering wees nie en kan die verskuifde beelde goed daar inpas, iets soos Parys se Louvre, 'n gebou wat ook eers die regeringsetel was.